

ST. PONTIANUS & ST. HIPPOLYTUS

13 AUGUSTUS

(3de eeu)

Pontianus word in 231 tot biskop van Rome gewy. Tydens die vervolging van die Christene word hy saam met die priester Hippolytus na Sardinië verban. Hier moes hulle saam met ander Christenslawe onder haglike omstandighede en groot wreedheid in die steengroewe werk. Pontianus sterf hier. Hippolytus word later vrygelaat en keer terug na Rome, waar hy op hoë ouderdom weer as gevolg van sy geloof in hegtenis geneem is en 'n marteldood gesterf het.

